van persoonlike besparing tot beskikbare persoonlike inkome gedurende die afgelope drie jaar. Hierdie afname het voortgespruit uit baie skerp toenames in private verbruiksbesteding wat in 'n groot mate deur bank- en ander vorms van krediet gefinansier is en negatiewe besparing verteenwoordig. Onder hierdie omstandighede is dit verstaanbaar dat die owerhede daarna streef om die koers van toename in verbruiksbesteding te verlaag, om verbruikerskrediet te verminder en om persoonlike besparing sover as moontlik aan te moedig.

In die finansiële sfeer het die toestand vanaf ongeveer die middel van 1969 tot aan die einde van 1970 aanmerklik verander. Waar oorskot likwiditeit in sowel die bank- as die private sektor die mees verontrustende eienskap van die finansiële toneel gedurende 1968 en vroeg in 1969 was, het 'n meer beheerbare toestand teen die einde van 1970 ontwikkel. Die oorskot likwiditeit van die banke en die private sektor het sedertdien betekenisvol afgeneem met die gevolg dat die monetêre owerhede in 'n beter posisie was om monetêre en banktoestande te beïnvloed. Hoofsaaklik as gevolg van die tekort in die aanbod, in vergelyking met die vraag na uitleenbare fondse, is aansienlike druk op rentekoerse in die geld- en kapitaalmarkte uitgeoefen. Selfs na aansienlike verhogings in die koerse gekwoteer vir prima- en semiprima-effekte, kon die owerheidsektor nie sy kapitaalbehoefte in die mark vir vaste-rentedraende effekte bevredig nie. Terselfdertyd het die aandele-mark traag gebly en het die eiendomsmark minder veerkragtig geword, terwyl bouverenigings en banke 'n aansienlike invloeiing van fondse in die vorm van deposito's en bouvereniging-aandele ondervind het.

Die teenstelling tussen die huidige finansiële toestand en dié van 1968 en vroeg in 1969, was ook in die nie-finansiële sfeer merkbaar. Die min of meer gebalanseerde toestand tussen die binnelandse vraag na en aanbod van goedere en dienste, wat 'n kenmerk van die ekonomiese ontwikkeling vanaf ongeveer die middel van 1967 tot die eerste kwartaal van 1969 was, het verander na 'n aansienlike oorskot van vraag bo aanbod. Terselfdertyd het 'n oplewing in vaste kapitaalbesteding in die fabriekswesesektor tot 'n meer gebalanseerde verdeling van kapitaalbesteding tussen die verskillende sektore en klasse bates gelei, vergeleke met die tydperk toe totale binnelandse besteding min of meer in ewewig met totale binnelandse produksie was maar daar 'n wanverdeling van kapitaalbesteding tussen die verskillende sektore en klasse bates bestaan het.

Nasionale rekeninge


Stadiger maar bevredigende groeikoers

Ofskoon die koers van toename in die bruto binnelandse produk teen heersende markpryse gedurende 1970 aansienlik laer was as die koers van bykans 12 persent wat in 1969 behaal is, was dit nogtans ongeveer $9\frac{1}{2}$ persent. Indien prysstygings uitgesluit word, het die reële bruto binnelandse produk gedurende 1970 met ietwat meer as 5 persent toegeneem. Alhoewel hierdie reële groeikoers aansienlik minder was as die koers van ongeveer 7 persent wat in 1969 behaal is, is dit nogtans heel bevredigend. Die gemiddelde groeikoers in die reële bruto binnelandse produk gedurende die afgelope dekade was inderdaad bykans 6 persent, vergeleke met die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram se taakstellingskoers van $5\frac{1}{2}$ persent.

Vergoeding van werknemers wat met meer as 12 persent toegeneem het, het die grootste bydrae tot die toename in die bruto binnelandse produk teen heersende markpryse gedurende 1970 gelewer, terwyl die bruto bedryfsurplus* met slegs ongeveer 5 persent toegeneem het. Die sektore landbou en mynbou was

*Hierdie begrip is in die Verenigde Volke Organisasie se nuwe handleiding oor nasionale rekeninge ingestel om die ou begrip „ander inkomste“ te vervang, en dui winste, voorsiening vir waardevermindering en netto rentebetalings aan.

Bruto binnelandse produk




hoofsaaklik vir die teleurstellende toename in die bruto bedryfsurplus verantwoordelik.

Volgens die seisoensaangesuiwerde kwartaalsyfers, wat vir die eerste keer in tabel S-65 gepubliseer word, het die koers van toename in die bruto binnelandse produk teen 'n aansienlike stadiger koers gedurende die laaste twee kwartale van 1970 as gedurende die eerste helfte toegeneem. Hierdie verlangsaming in die groeikoers was hoofsaaklik aan 'n afname in die bruto bedryfsurplus toe te skryf, ofskoon die vergoeding van werknemers ook gedurende die vierde kwartaal teen 'n stadiger koers toegeneem het, hoofsaaklik as gevolg van die skerp styging in salarisse en lone van die Suid-Afrikaanse Spoorweë gedurende die derde kwartaal. Alhoewel die afname in die bruto bedryfsurplus gedurende die tweede helfte van 1970 in 'n hele aantal sektore voorgekom het, was dit veral opmerklik by landbou en mynbou.

Voortgesette vinnige styging in bruto binnelandse besteding

In teenstelling met die verlangsaming in die groeikoers in die bruto binnelandse en nasionale produk,

Bruto nasionale produk en binnelandse besteding



het bruto binnelandse besteding voortgegaan om gedurende 1970 teen die baie hoë koers van 14 persent, vergeleke met 15 persent die vorige jaar, toe te neem. Hierdie vergroting van die gaping tussen bruto binnelandse besteding en bruto nasionale produk het tot 'n aanmerklike toename gelei in die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans wat in die loop van 1970 progressief groter geword het. Al die hoofkomponente van binnelandse besteding het tot die vinnige styging in 1970 bygedra, maar die voortgesette voorraadopbouing het die grootste bydrae gelewer. Teen konstante pryse het bruto binnelandse besteding gedurende 1970 met ongeveer 10 persent en gedurende 1969 met ongeveer 11 persent toegeneem en albei hierdie persentasies was heelwat hoër as die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram se taakstellingskoers.


Die kwartaalsyfers toon aan dat terwyl die bruto binnelandse produk teen 'n stadiger koers gedurende die tweede helfte van 1970 gestyg het, bruto binnelandse besteding versnel het. Nieteenstaande die feit dat verdere aansienlike voorraadopbouing baie tot hierdie versnelling gedurende die tweede helfte van 1970 bygedra het, het die totaal van die ander komponente van bruto binnelandse besteding ook die nasionale produk gedurende hierdie periode oortref met die gevolg dat die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans slegs gedeeltelik deur 'n voorraadopbouing en gedeeltelik deur 'n oorskot van die „finale“ uitgawekomponente bo die nasionale produk, weerspieël is.

Volgehoue hoë koers van toename in verbruiksbesteding

Private verbruiksbesteding het gedurende 1970 met ongeveer 11 persent toegeneem en het gevolglik met koerse van tussen 10 en 11 persent vir drie opeenvolgende jare gestyg. Teen konstante pryse het dit met ongeveer 7 persent gedurende elk van die afgelope drie jare toegeneem, wat aansienlik meer as die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram se taakstellingskoers van 4.8 persent was.


Gedurende 1970 het die uitgawe aan duursame goedere met 12 persent, aan semi-duursame goedere met 13 persent, aan dienste met ongeveer 11½ persent en aan nie-duursame goedere met ongeveer 9½ persent toegeneem. Die uitgawe aan duursame en semi-duursame goedere was gevolglik die komponente wat hoofsaaklik vir die oormatige koers van toename in private verbruiksbesteding verantwoordelik was. Die owerhede het derhalwe hierdie vorm van besteding ingekort deur strenger vereistes ten opsigte van huurkoop- en ander soorte van krediet in Oktober 1970 in te stel. Hierdie maatreëls het die uitwerking gehad dat die verkope van meubels en ander duursame goedere gedurende November en Desember wesenlik verminder het, met die gevolg dat die nasionale rekeningsyfers vir die vierde

Bruto binnelandse besteding



kwartaal 'n beslisse daling in verbruiksbesteding aan duurzame goedere toon. Daarbenewens het hierdie afname nie met 'n styging in die besteding aan ander

Private verbruiksbesteding op duurzame goedere



soorte goedere en dienste gepaard gegaan nie en het dit derhalwe die uitwerking gehad dat die koers van toename in totale verbruiksbesteding gedurende die vierde kwartaal van 1970 aansienlik verminder het. Gedurende die jaar 1970 het die besteding aan meubels en huishoudelike toestelle met slegs ongeveer $6\frac{1}{2}$ persent toegeneem, teenoor 'n styging van nie minder nie as 18 persent gedurende 1969, terwyl die besteding aan nuwe motors nog met 20 persent, vergeleke met 30 persent gedurende 1969, toegeneem het.

In die geval van sekere individuele klasse van goedere soos meubels en huishoudelike toestelle, het die kredietbepelings so 'n aanmerklike uitwerking op verkope en produksie gehad dat die Minister van Ekonomiese Sake sommige van die vereistes in November 1970 en weer in Februarie 1971 verslap het. Terselfdertyd het die Minister van Finansies tydens die indiening van die Gedeeltelike Begrotingswetsontwerp op 10 Februarie toenames in die verkoopreg aangekondig ten einde die invloed teen te werk van die verslappings van huurkoopbepelings en die toevoegings tot die koopkrag voortspuitende uit salaris- en loonsverhogings waarvan baie gedurende Januarie 1971 in werking getree het.

Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid, soos gemeet deur sy lopende uitgawe aan goedere en dienste waarvan salarisse en lone ongeveer tweederdes uitmaak, het gedurende 1970 met 'n verdere 12 persent toegeneem, vergeleke met 'n toename van $13\frac{1}{2}$ persent gedurende die vorige jaar.


Hoë koers van toename in vaste investering

Reële bruto binnelandse vaste investering is nog 'n komponent van bruto binnelandse besteding wat teen 'n koers heelwat hoër as die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram se taakstellingskoers toegeneem het. Teen heersende pryse het dit in 1970 met 17 persent toegeneem nadat dit gedurende die voorafgaande jaar reeds met 13 persent gestyg het. Die sektor wat die meeste tot die groot toename in 1970 bygedra het, was openbare korporasies met 'n toename van 24 persent, gevolg deur die private sektor met bykans 17 persent en openbare owerhede met ongeveer 15 persent. Dit is ook verblydend dat die besteding aan masjinerie en toerusting, wat gedurende 1969 met slegs 4 persent gestyg het, gedurende 1970 'n toename van 23 persent getoon het, terwyl die koers van toename in die uitgawe aan geboue en konstruksies vanaf ongeveer 18 persent in 1969 tot 13 persent in 1970 gedaal het.

Ingedeel volgens tipe ekonomiese aktiwiteit* het die sektor fabriekswese as geheel die grootste styging getoon naamlik 31 persent, nie slegs as gevolg van die

*Dit is die hoofindeling van die Verenigde Volke Organisasie se nuwe handleiding oor nasionale rekeninge, terwyl die sektorindeling naamlik privaatsektor, openbare korporasies en openbare owerhede nou 'n sub-indeling verteenwoordig.

Bruto vaste investering: fabriekswese



vaste investering van openbare korporasies nie, maar ook weens 'n toename van tussen 18 en 19 persent in dié van private fabriekswese. Na 'n daling van 6 persent in laasgenoemde investering gedurende 1969, is hierdie verandering in die neiging 'n baie welkome ontwikkeling aangesien dit 'n toevoeging tot produksiekapasiteit vir toekomstige groei verteenwoordig. Vaste investering in die sektor wat vervoer-, opberging- en kommunikasiedienste verskaf, het ook gedurende 1970 aansienlik gestyg, naamlik met 22 persent, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename van nie minder nie as 48 persent in die vaste kapitaalbesteding van die Poskantoor en 'n styging van 15 persent in dié van die Suid-Afrikaanse Spoorweë.

Gedurende die vierde kwartaal van 1970 het die seisoensaangesuiwerde syfers egter 'n effense daling in vaste investering vanaf die hoë peil wat dit gedurende die derde kwartaal bereik het, getoon. Hierdie afname was die netto gevolg van 'n daling in die vaste kapitaalbesteding deur openbare korporasies en private sake-ondernemings wat die toename in die kapitaalbesteding deur openbare owerhede oortref het. Alhoewel vaste investering deur private fabriekswese ook gedurende die vierde kwartaal ietwat gedaal het, was die algemene opwaartse neiging wat vanaf 1969 waargeneem is, nog baie duidelik.

Volgehoue voorraadopbouing

Een van die uitstaande kenmerke van die nasionale rekeninge gedurende die afgelope twee jaar is die

baie groot en volgehoue voorraadopbouing. Teen boekwaarde het die netto toevoeging tot voorrade gedurende 1970 R706 miljoen (R581 miljoen na aansuiwering vir voorraadwaardering) en gedurende 1969 R407 miljoen beloop. Die totale toevoeging tot voorrade het nie minder nie as R1 087 miljoen gedurende die sewe kwartale tot einde Desember 1970 beloop. Alhoewel die opbouing van voorrade baie tot die groter tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans bygedra het, was die tekort gedurende die tweede helfte van 1970 groter as die aansienlike toevoeging tot voorrade gedurende hierdie tydperk. 'n Beëindiging van die opbouing van voorrade in die toekoms sal natuurlik die druk op die betalingsbalans aanmerklik verlig.

Toevoegings tot nywerheids- en handelsvoorrade was vir R511 miljoen van die voorraadopbouing in 1970 verantwoordelik. Hierdie opbouing het boonop reeds vir tien opeenvolgende kwartale voorgekom en die totale toevoeging tot hierdie voorrade het R950 miljoen in die tien kwartale beloop.

Onvoldoende binnelandse besparing

Aangesien bruto binnelandse investering gedurende 1970 met R697 miljoen en bruto binnelandse besparing met slegs R171 miljoen toegeneem het, moes die tekort gedek word deur die gebruikmaking van goud- en buitelandse valutareserwes ten bedrae van R287 miljoen en deur die netto skuldposisie teenoor die buitelandse sektor met R501 miljoen te vermeerder. Dit was die tweede jaar waarin 'n oorskot van binnelandse investering bo binnelandse besparing ondervind is.


Dit is van besondere betekenis dat persoonlike besparing as 'n persentasie van beskikbare persoonlike inkome gedurende die afgelope drie jaar ongeveer 9 persent beloop het, vergeleke met 'n jaarlikse gemiddelde van ongeveer 11 persent gedurende die sestigerjare. Die uitgebreide gebruikmaking van verbruikerskrediet, wat negatiewe besparing verteenwoordig, het baie tot die lae besparingsgeneigdheid bygedra.

Produksie en werkverskaffing

Nadat dit tot 'n aansienlike hoër vlak gedurende die tweede kwartaal van 1970 toegeneem het, het die seisoensaangesuiwerde indeks van die volume van fabrieksproduksie gedurende die derde kwartaal en Oktober op ongeveer dieselfde peil gebly, maar dit was nogtans 4.9 persent hoër gedurende die eerste tien maande van 1970 as gedurende die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar. Ure gewerk in fabriekswese het 'n opwaartse neiging tot in Oktober 1970 volgehou en was gemiddeld 6.1 persent hoër in 1970 as gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1969.

Die volume van goudmynproduksie het min verandering gedurende 1970 getoon, maar ander mynbouproduksie het regdeur 1970 gestyg en was

Fabrieks- en mynbouproduksie



gemiddeld 14.1 persent hoër as in 1969. Die belangrikste bydrae tot die hoër produksie is deur koper gemaak, terwyl diamantproduksie effens gedaal het.

Bedrywigheid in die konstruksiesektor, gemeet volgens die aantal ure gewerk, het vanaf die begin van 1968 tot ongeveer die middel van 1970 buitengewoon toegeneem en het daarna gedurende die derde kwartaal van 1970 verlangsaam. Gedurende Oktober en November het dit weer skerp gestyg. Oortyd as 'n persentasie van ure gewerk het vanaf die piek wat in Mei 1970 bereik is, 'n dalende neiging tot November getoon. Ander aanwysers, onder andere

groothandelsverkope van boumateriaal, nuwe voor-skotte deur bouverenigings toegestaan en bouplanne goedgekeur het almal gedurende die loop van 1970 geneig om te verlangsaam. Volgens die waarde van vaste eiendomstransaksies, wat vanaf die begin van 1970 gedaal het, het die mark in vaste eiendom ook verander en minder veerkragtig geword.

Nadat dit vinnig tot in Oktober 1970 gestyg het, het die waarde van klein- en groothandelsverkope in November en Desember 1970 betekenisvol gedaal. Verkope van meubels en elektriese toerusting het gedurende hierdie twee maande aansienlik gedaal. Verkope van motors het vanaf die middel van 1970 tot in Januarie 1971 gedaal, terwyl verkope van handelsvoertuie regdeur 1970 voortgegaan het om toe te neem, maar in Januarie 1971 gedaal het.

Die aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiëte het voortgegaan om tot in Desember 1970 te daal, terwyl werkverskaffing veral in die sektore handel, konstruksie, sentrale regering, Suid-Afrikaanse Spoorweë en mynbou, verder toegeneem het. Die stram arbeidstoestand word verder in die sterk opwaartse beweging van gemiddelde salarisse en lone in die openbare en private sektore weerspieël.

Pryse




Die bygaande tabel, wat 'n nuwe klassifikasie van die verskillende poste van die verbruikersprysindeks gee, toon dat verbruikerspryse teen 'n relatief hoë koers van 4.2 persent gedurende 1970 gestyg het. Dit was slegs die tweede keer in sestien jaar dat 'n koers hoër as 4 persent in Suid-Afrika aangeteken is. Die vorige geval was in 1964, toe dit 4.4 persent was. Vir die twaalf maande geëindig Januarie 1971 het die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks met 4.3 persent gestyg. Alhoewel 'n koers van toename in verbruikerspryse van net oor die 4 persent as matig volgens huidige internasionale standaarde beskou kan word, is dit hoog volgens Suid-Afrika se eie ondervinding in die verlede en vergelyk dit ongunstig met 'n gemiddelde jaarkoers van ongeveer 3 persent oor die ses jaar van 1962 tot 1968, en ongeveer 2 persent gedurende die voorafgaande ses jaar.

Die belangrikste bydraes tot die hoë styging in verbruikerspryse gedurende 1970 is deur behuising

Verbruikerspryse
Persentasiekoers van verandering in seisoensaangesuiwerde indeks

Tydperk	Dienste			Goedere			Totaal
	Behuising	Ander	Totaal	Voedsel	Meublement en toerusting	Klerasie en skoeisel	
Des. 1968–Des. 1969	6.5	4.5	5.8	0.9	6.8	0.4	3.5
Des. 1969–Des. 1970	5.4	5.8	5.6	5.2	2.5	2.0	4.2
Jan. 1970–Jan. 1971	5.5	5.9	5.7	6.1	2.7	1.9	4.3

Verbruikerspryse



en ander dienste en voedsel gemaak. Die toename in voedselpryse is deur ongunstige weerstoestande veroorsaak, terwyl die styging in die pryse van dienste in verband gebring kan word met hoë rentekoerse wat huur beïnvloed, toenames in professionele fooie en bediendelone. Dit is betekenisvol dat die pryse van goedere wat aan buitelandse mededinging onderhewig is minder skerp toegeneem het as dié van 'n plaaslike aard.

Groothandelspryse het met 3,9 persent oor die twaalf maande geëindig Januarie 1971 gestyg, Basiese metale en metaalprodukte en landbouprodukte het die grootste bydrae tot hierdie styging gelever, terwyl die koers van toename in die pryse van ingevoerde goedere ook in 1970 versnel het.

Betalingsbalans

Progressief groter tekort op lopende rekening

Gedurende 1970 is 'n ongeëwenaarde tekort van nie minder nie as R788 miljoen op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken, vergeleke met 'n tekort van R262 miljoen gedurende 1969. Bowendien het die tekort in die loop van 1970 progressief toegeneem en vir die individuele kwartale onderskeidelik R118 miljoen, R162 miljoen, R222 miljoen en R286 miljoen bedra. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die tekort skerp toegeneem vanaf R941 miljoen in die derde kwartaal na 'n nuwe rekordbedrag van R1,106 miljoen in die vierde kwartaal van 1970.

Hierdie aansienlike tekort is hoofsaaklik deur 'n buitengewoon vinnige styging in goedere-invoer, hoër vrag- en ander onsigbare betalings en die swak prestasie van goedere-uitvoer veroorsaak.

Vinnige styging in goedere-invoer

Goedere-invoer het vanaf R2,149 miljoen in 1969 tot R2,578 miljoen in 1970 toegeneem, dit wil sê 'n toename van nie minder nie as R429 miljoen of 20 persent, nadat dit in 1969 reeds met 14 persent gestyg het. Toenames het in bykans al die verskillende klasse goedere voorgekom, maar was besonder groot in die geval van masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoerusting, basiese metale en chemiese produkte. Die aansienlike verdere toename in goedere-invoer hou verband met die verdere skerp styging in die binnelandse vraag soos weerspieël in die toename in bruto binnelandse besteding, insluitende 'n betekenisvolle voorraadopbouing. Sielkundige faktore, soos 'n ongegronde vrees vir 'n eensydige devaluasie van die Rand en verskerping van invoerbeheermaatreëls, sowel as algemene onsekerheid aangaande moontlike internasionale valutaveranderinge, kon ook tot die styging in invoer bygedra het, in besonder in die laaste kwartaal van 1970 toe die goud- en buitelandse valutareserwes skerp gedaal het.

Nadat goedere-invoer gedaal het van 'n seisoens-aangesuiwerde jaarkoers van R2 440 miljoen in die vierde kwartaal van 1969 tot R2 292 miljoen in die eerste kwartaal van 1970, het dit toegeneem tot 'n peil van R2 571 miljoen in die derde kwartaal, en

daarna verder skerp gestyg tot R2,922 miljoen in die vierde kwartaal van 1970.

Swak prestasie van goedere-uitvoer

Goedere-uitvoer het nie goed vertoon nie, en 'n daling vanaf R1 484 miljoen in 1969 tot R1 413 miljoen in 1970, dit wil sê R71 miljoen of 5 persent, getoon nadat dit reeds gedurende die vorige jaar met 2 persent afgeneem het. In teenstelling met die ontwikkelings in 1969, toe 'n afname in die uitvoer van landbouprodukte grotendeels deur 'n toename in die uitvoer van edel- en half-edelgesteentes teengewerk is, was 'n daling in die uitvoer van diamante en wol hoofsaaklik vir die swak vertoning van uitvoer in 1970 verantwoordelik, alhoewel dit gedeeltelik deur 'n toename in die uitvoer van landbouprodukte (hoofsaaklik mielies), minerale produkte en basiese metale geneutraliseer is.

Op 'n kwartaallikse basis het goedere-uitvoer groot skommelings getoon en na 'n toename in die seisoens-aangesuiwerde jaarkoers vanaf R1,367 miljoen in die eerste kwartaal tot 'n hoogtepunt van R1,522 miljoen in die tweede kwartaal, het dit skerp gedaal tot R1,279 miljoen in die derde kwartaal voordat dit weer tot R1,495 miljoen in die vierde kwartaal van die jaar gestyg het.

Geringe afname in netto goudproduksie

Alhoewel die fisiese volume van goudproduksie met 3.3 persent gedurende 1970 toegeneem het, het die netto goudproduksie soos vir betalingsbalansdoel-eindes gedefinieer, 'n geringe daling vanaf R847 miljoen in 1969 tot R837 miljoen in 1970 getoon. Hierdie daling kan veral toegeskryf word aan die laer opbrengs van goudverkope op die privaat mark.


Styging in ander netto lopende betalings

Hoofsaaklik as gevolg van hoër betalings vir vrag en versekering op goedere wat weer die gevolg was van toenames in vragtariewe betaalbaar aan buitelandse karweiers en die hoë vlak van invoer, het dienstebetalings aan die res van die wêreld met R52 miljoen tot R1 055 miljoen in 1970 gestyg. Diensteontvangstes het met slegs R33 miljoen en netto oordragontvangste met slegs R3 miljoen toegeneem met die gevolg dat netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld ook tot die verslegting in die lopende rekening gedurende die jaar bygedra het. Op 'n kwartaallikse basis en gereken teen 'n jaarkoers het die seisoensaangesuiwerde netto dienstebetalings aan die res van die wêreld 'n skerp stygende neiging vanaf R372 miljoen in die eerste kwartaal tot R521 miljoen in die vierde kwartaal van 1970 getoon.


Rekord invloeiing van kapitaal

Gelukkig is die invloed van die groot tekort op die lopende rekening op die goud- en buitelandse valuta-reserwes in 1970 versag deur 'n netto invloeiing van


Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



Totale kapitaalbewegings



kapitaal van nie minder nie as R501 miljoen gedurende die jaar, wat die vorige rekord van R459 miljoen wat in 1968 aangeteken is, aansienlik oortref het. Stram toestande op die binnelandse kapitaalmarkt, die skerp styging in invoer en die relatief hoër rentekoerse en verdienstes op beleggings in Suid-Afrika, het waarskynlik tot die groot invloeiing van kapitaal bygedra. Die groot invloeiing gedurende 1970 het die totale netto kapitaalinvloeiing gedurende die afgelope ses jaar op meer as R1.700 miljoen te staan gebring.

Die grootste gedeelte, naamlik R403 miljoen of 80 persent van die totale kapitaalinvloeiing, het uit 'n invloeiing na die private sektor bestaan, terwyl langtermynkapitaal R256 miljoen of ongeveer 64 persent van die private sektor se invloeiing verteenwoordig het. Alhoewel die langtermynkapitaalinvloeiing na die private sektor hoofsaaklik bestaan het uit lenings wat in die buiteland verkry is (insluitende lenings van openbare korporasies), het die netto aankope van Suid-Afrikaanse effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, deur buitelanders ook betekenisvol toegeneem en R44 miljoen bedra. Die toename in die korttermynkapitaalinvloeiing na die private sektor vanaf R42 miljoen in 1969 tot R147 miljoen in 1970 is hoofsaaklik deur 'n toename in handelskrediete, wat met die hoë invoer verband hou, veroorsaak. Die totale netto kapitaalinvloeiing na die sentrale regering en banksektor het gedurende 1970

R98 miljoen bedra en verteenwoordig hoofsaaklik lenings wat die sentrale regering in die buiteland verkry het.

Ten spyte van kwartaallikse skommelings, is 'n stygende neiging in die netto kapitaalinvloeiing sedert die tweede helfte van 1969 waarneembaar en het dit in die vierde kwartaal van 1970 soveel as R186 miljoen bedra. Netto private kapitaalbewegings het dieselfde patroon as die totaal gevolg en is 'n invloeiing van R166 miljoen in die vierde kwartaal aangeteken.

Aansienlike afname in die goud- en buitelandse valutareserwes

Aangesien die tekort op lopende rekening ten bedrae van R788 miljoen slegs gedeeltelik deur die netto kapitaalinvloeiing van R501 miljoen geneutraliseer is, het betalingsbalanstransaksies 'n afname van R287 miljoen in die totale goud- en buitelandse valuta-reserwes ten gevolg gehad. Indien die aanvanklike toekenning van Spesiale Trekkingsregte van R24 miljoen aan die begin van 1970 egter in aanmerking geneem word, het die goud- en buitelandse valuta-reserwes met R263 miljoen gedaal, en het die totaal (insluitende Suid-Afrika se goudtranche-posisie van R36 miljoen in die Internasionale Monetêre Fonds) nog ongeveer R806 miljoen aan die einde van 1970 beloop.

Gedurende die tweede helfte van 1970 het die totale goud- en buitelandse valutareserwes betreklik skerp afgeneem, naamlik met R227 miljoen, vergeleke met 'n afname van slegs R36 miljoen gedurende die eerste helfte van die jaar.

Ontwikkelings gedurende Januarie en Februarie

Gedurende Januarie 1971 het die totale goud- en buitelandse valutareserwes met 'n verdere R49 miljoen afgeneem, nieteenstaande die tweede toekenning van Spesiale Trekkingsregte ten bedrae van ongeveer R15 miljoen, terwyl die goud- en buitelandse valutareserwes van die Reserwebank met 'n verdere R8 miljoen gedurende Februarie gedaal het. Volgens die statistiek van die Departement van Doane en Aksyns, wat nie streng vergelykbaar is met die betalingsbalanssyfers nie, het invoer skerp afgeneem van 'n seisoensaangesuiwerde jaar-koers van R3 148 miljoen in Desember 1970 tot R2 797 miljoen in Januarie en R2 876 miljoen in Februarie 1971. Uitvoer het insgelyks vanaf R1 480 miljoen in Desember tot R1 175 miljoen in Januarie en R1 156 miljoen in Februarie 1971 afgeneem. Netto buitelandse aankope van Suid-Afrikaanse effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, het tussen R25 miljoen en R30 miljoen gedurende die twee maande Januarie en Februarie 1971 beloop en dit wil voorkom asof die effektebeurs weer eens, soos in 1968 en vroeg in 1969, 'n aansienlike bedrag aan buitelandse kapitaal aantrek.

Monetêre en banktoestand

Verdere verlangsamings in die koers van toename van geld en kwasi-geld


Geoordeel volgens die verloop van die hoeveelheid geld en kwasi-geld in 1970, is daar aansienlike vordering gemaak met die verlangsamings van die koers van toename van die likwiditeit van die private nie-banksektor. Nadat dit in 1968 met meer as 20 persent gestyg het, het die hoeveelheid geld en kwasi-geld in 1969 teen ongeveer die helfte van daardie koers en in 1970 met slegs ongeveer 5½ persent toegeneem, waardeur die totaal aan die einde van 1970 op 'n peil van nagenoeg R4,000 miljoen te staan gekom het. Die voortsrydende daling in die koers van toename van geld en kwasi-geld het nie met 'n soortgelyke verlangsamings van die groei koers van die bruto binnelandse produk in geldelike terme gepaard gegaan nie, as gevolg waarvan die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk in 1970 tot 30.8 persent gedaal het. Hierbenewens is die betreklik vinnige styging in geld en kwasi-geld gedurende die eerste twee kwartale van 1970 gedurende die tweede helfte van 1970 deur 'n geringe daling gevolg. Gedurende Januarie 1971 het die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld seisoenaal met meer as R100 miljoen gedaal. Na aansuiwering vir seisoensinvloede het dit geen verandering getoon nie.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld


Die verlangsamings van die koers van toename in geld en kwasi-geld gedurende 1970 was hoofsaaklik die gevolg van 'n aansienlike daling in die netto goud- en buitelandse valuta-reserwes, wat net meer as R300 miljoen bedra het, en ook van 'n daling in die koers van toename in bankkrediet aan die private sektor vanaf ongeveer 18 persent in 1969 tot 11 persent in 1970. Hierdie verlangsamings is egter byna ten volle deur 'n styging in die *netto* eise teen die regeringsektor (of van die *netto* gebruik wat die regering van sy deposito's by die banksektor gemaak het) geneutraliseer. Indien die daling van R158 miljoen in die *netto* deposito's van die regeringsektor in aanmerking geneem word, het die toename in die totale bankkrediet aan die regering- en private sektore gedurende 1970 R519 miljoen, of 14 persent, bedra, vergeleke met 'n styging van 16 persent in 1969. Gedurende Januarie het die patroon van die oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld in wese dieselfde gebly.

Soos in 1969, is daar gedurende die eerste helfte van 1970 verskeie verhogings van die plafon op die diskonterings en voorskotte en beleggings van die banke aangebring. Dit het bygedra tot die versnelling gedurende die tweede helfte van 1970 in die koers van toename in bankkrediet aan die private sektor vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van minder as 9 persent gedurende die eerste helfte tot 'n koers

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



van 13 persent gedurende die tweede helfte. Die toename in bankkrediet aan die private sektor was hoofsaaklik in die vorm van diskonteringe en voorskotte wat deur handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke toegestaan is en kan met die vraag na krediet vir die finansiering van invoere, die hoë peil van private verbruiksbesteding en voortgesette voorraa dopbouing in verband gebring word. Slegs 'n klein netto toename het in beleggings by die private sektor voorgekom, ondanks die verhoging van die plafon met 15 persent van die peil van Maart 1968 en van krag vanaf Februarie 1970, vir doeleindes van middeltermynkrediet in die besonder vir die vervaardigende nywerheid. Hierdie beleggings het met slegs R29 miljoen of 7 persent gedurende die jaar gestyg.

Gedurende Januarie 1971 het die handelsbanke hul diskonteringe en voorskotte in 'n mate verminder, terwyl die monetêre huurkoop- en algemene banke hulle diskonteringe en voorskotte met nie minder nie as R46 miljoen verhoog het. Op 27 Februarie het die Reserwebank 'n verdere toegewing aangekondig naamlik dat die banke met ingang 1 Maart hulle plafon met 2 persent kan oorskry vir doeleindes van nuwe krediet aan die landbousektor. In hierdie aankondiging is dit ook bekend gemaak dat as 'n saak van beleid bykomende kontantreserwes deur die Reserwebank van bankinstellings wat hul kredietplafonne oorskry, vereis word.

Betreklik lae peil van oorskot likwiditeit van banke

Die oorskot likwiede bates van die banke het gedurende die grootste deel van 1970 op 'n betreklik lae peil gebly. Oor die jaar was die maandelikse gemiddelde bedrag van die oorskot likwiede bates van monetêre banke slegs R159 miljoen of 3.3 persent van hul verpligtings teenoor die publiek, vergeleke met 5.4 persent gedurende 1969. Aan die einde van Januarie 1971 het die oorskot likwiede bates van monetêre banke byna heeltemal verdwyn en slegs R34 miljoen, of minder as 1 persent van hul verpligtings teenoor die publiek, bedra. Die kredietseppingsvermoë van die banke is dus nie slegs deur die kredietplafonne beperk nie maar ook deur hul likwiditeitsposisie beïnvloed. Die monetêre owerhede het daardeur tans betreklik ferme beheer oor die vermoë van die banke om krediet te skep.

Groot skuldposisie van die diskontohuise en hoër korttermynrentekoerse

Die hoofkenmerk van die toestand op die geldmark gedurende 1970 was die aanhoudende groot skuld van die diskontohuise teenoor die Reserwebank, waarvan die gemiddelde op maandeindes nie minder nie as R109 miljoen bedra het, in vergelyking met slegs R41 miljoen in 1969. Vanaf die middel van September het die Reserwebank begin om 'n strafkoers van tot 2 persent bo die Bankkoers toe te pas ten einde die gebruik van Reserwebankkrediet te

ontmoedig. Gedurende Januarie 1971 het die toestand op die geldmark vernou as gevolg van die seisoenale verskuiwing van fondse na die regering, maar vroeg in Februarie weer verruim toe die regeeringsdeposito's gedaal het as gevolg van die aflossing van staatseffekte wat nie in die nuwe uitgiftes omgesit is nie.

In teenstelling met die bestendige maar betreklik stadige opwaartse beweging van die skatkiswissel-tenderkoers gedurende die laaste vyf maande van 1970 en gedurende Januarie en Februarie 1971 tot 'n peil van 4.74 persent op 12 Februarie, het die koerse wat deur die diskontohuise op daggeld gekwoteer is skerp gestyg vanaf 4½ persent op 28 Augustus 1970 tot 6 persent aan die einde van Januarie 1971. Die koers wat op verhandelbare depositosertifikate van drie maande gekwoteer is, het oor dieselfde tydperk selfs nog sneller gestyg vanaf 6.0 persent tot 8.6 persent. Die depositorentekoerse van banke het op soortgelyke wyse opwaarts beweeg en teen die einde van Januarie is by geleentheid koerse van tot 8 persent op daggeld, 8½ persent of meer op kennisgewingdeposito's van drie maande, en 8¾ persent op vaste deposito's van ses maande, aangebied. Gedurende die tweede helfte van Februarie en die eerste helfte van Maart het die skatkiswissel-tenderkoers taamlik vinnig tot 5.00 persent op 12 Maart gestyg terwyl ander geldmarkkoerse ietwat gedaal het. Koerse wat op verhandelbare depositosertifikate van drie maande gekwoteer is, het vanaf ongeveer 8.6 persent aan die einde van Januarie 1971 tot 8.2 persent op 5 Maart gedaal.

Teen hierdie betreklik hoë koerse het verhandelbare depositosertifikate 'n baie gewilde geldmarkinstrument geword. Die uitstaande bedrag aan verhandelbare depositosertifikate was in werklikheid gedurende die grootste deel van die eerste sewe maande van 1970 heelwat meer as R500 miljoen en het aan die einde van Augustus 1970 'n bedrag van R656 miljoen bereik voordat dit tot R444 miljoen aan die einde van die jaar gedaal het. Op hierdie datum is R301 miljoen buite die banksektor gehou. Bouverenigings, versekeraars en ander private nie-bankinstellings gebruik verhandelbare depositosertifikate blykbaar as 'n gerieflike likwiede belegging waarop 'n veel hoër rentekoers as op korttermyn uitgiftes van die regering verdien word.

Staatsfinansies

Nieteenstaande die feit dat die opbrengs op langtermynstaatseffekte by twee geleenthede in Mei en Augustus 1970 tot 7¾ persent en dié op korttermyn effekte tot 5½ persent in Januarie 1971 verhoog is, is slegs beperkte ondersteuning vir nuwe uitgiftes gedurende Oktober 1970 en Februarie 1971 van alle binnelandse nie-banksektore gekry, met die gevolg dat die Tesourie hom tot buitelandse lenings moes wend. Gedurende die tien maande van die fiskale jaar tot aan die einde van Januarie 1971, het netto ampte-

like buitelandse lenings R130 miljoen bedra. Terselfdertyd het die Staatskuldkommissarisse slegs R22 miljoen tot die finansiering van die Skatkis gedurende hierdie tydperk bygedra, vergeleke met 'n bedrag van R138 miljoen gedurende die ooreenstemmende tien maande in 1969/70. Leningsfondse vanaf die private nie-banksektor het slegs R30 miljoen gedurende die tien maande tot Januarie 1971 beloop en het hoofsaaklik uit leningsheffings (R32 miljoen) bestaan wat uiteraard van 'n verpligte aard is. Nuwe uitgiftes van staatseffekte het slegs R18 miljoen gedurende Oktober en R12 miljoen gedurende Februarie van die private nie-banksektor opgelewer. Daar was derhalwe weinig vrywillige ondersteuning van die private nie-banksektor en die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die banksektor het met R27 miljoen gedurende die betrokke tien maande gestyg, vergeleke met 'n daling van R152 miljoen gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1969/70. Die netto skuldposisie van die regeringsektor as geheel teenoor die banksektor het inderdaad met R208 miljoen gedurende die tien maande tot Januarie 1971 gestyg.

'n Ander kenmerk van die regering se leningsbedrywighede was dat die banke nie al hul staatseffekte wat gedurende Oktober en November 1970 en Februarie 1971 verval het, omgesit het nie, maar verkies het om in kontant terugbetaal te word. Van die totale effekte van R437 miljoen wat gedurende die 1970/71 fiskale jaar verval het, is slegs R189 miljoen omgesit, hoofsaaklik in die nuwe korttermyn-effekte, terwyl R248 miljoen (ongeveer 57 persent) aan die betrokke besitters, hoofsaaklik in die banksektor, terugbetaal is. Dit het 'n drastiese daling in totale regeringsdeposito's (insluitende die Stabilisasierekening) by die Reserwebank vanaf R645 miljoen op 31 Maart 1970 tot R396 miljoen op 5 Februarie 1971 tot gevolg gehad. Die invloed van 'n daling in regeringsdeposito's as gevolg van 'n afname in die banksektor se besit aan staatspapier moet egter versigtig geïnterpreteer word. Dit verteenwoordig nie 'n toename in die likwiditeit van die private nie-banksektor of in die totale likwiede bates van die banke nie, maar wel 'n verruiming van geldmarktoestande en die kontantreserweposisie van die banke. In Februarie was die skatkissaldo by die Reserwebank uitgeput en die Tesourie moes van die Bank leen. Op 24 Februarie het Reserwebanklenings aan die Tesourie R18 miljoen beloop maar dit is vroeg in Maart terugbetaal.

Ontwikkelings in die kapitaalmark


Volgehoue opwaartse druk op langtermynrentekoerse

Gedurende 1970 was die aanbod van fondse in die kapitaalmark minder as die aanvraag en 'n aansienlike opwaartse druk is op rentekoerse uitgeoefen. Verskeie opwaartse aanpassings van langtermynrentekoerse is gedurende die eerste drie kwartale gemaak, maar die meeste rentekoerse het gedurende die laaste kwartaal

onveranderd gebly. Die rentekoerse wat toe bestaan het, het egter blykbaar nie 'n ewewig tussen die vraag na en die aanbod van fondse weerspieël nie aangesien verdere toenames gedurende die eerste twee maande van 1971 voorgekom het.

Die oorheersende koers op nuwe uitgiftes van semiprima-effekte het gedurende die eerste drie kwartale van 1970 vanaf ongeveer 7.3 persent tot 8.8 persent toegeneem en tot 8.85 persent in Februarie 1971 gestyg. Twee aanpassings van die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte is ook gedurende hierdie tydperk gemaak, die eerste op 26 Mei 1970 toe die opbrengskoers vanaf $6\frac{1}{2}$ tot 7 persent verhoog is, en die tweede op 13 Augustus toe die opbrengskoers tot $7\frac{3}{4}$ persent verhoog is. Opbrengskoerse op skuldbriewe van maatskappye het gedurende die eerste drie kwartale van 1970 opwaarts beweeg vanaf ongeveer $8\frac{3}{4}$ persent tot 10 persent en het in Januarie 1971 verder toegeneem tot $10\frac{1}{2}$ persent. As gevolg van hierdie rentekoersveranderinge het die marge tussen die opbrengskoerse op prima- en

Rente- en opbrengskoerse



semiprima-effekte vanaf ongeveer 0.8 persent aan die einde van 1969 tot 1.1 persent aan die einde van Februarie 1971 toegeneem, terwyl die opbrengskoersgaping in die geval van staatseffekte en skuldbriewe van maatskappye gedurende dieselfde tydperk vanaf $2\frac{1}{2}$ persent tot $2\frac{3}{4}$ persent vergroot het. Nuwe uitgiftes van munisipale en openbare korporasie-effekte en van maatskappyskuldbriewe gedurende die derde en vierde kwartaal van 1970 was suksesvol teen die hoër opbrengskoerse, maar vroeg in 1971 is nie al die uitgiftes van semiprima-effekte ten volle opgeneem nie. Die uitgiftes van staatseffekte in Februarie het ook slegs 'n klein bedrag aan inskrywings vanaf die private nie-banksektor getrek.

Koerse op ander vaste-rentedraende beleggings wat ook gedurende 1970 verhoog is, is die leen- en uitleenkoerse van die bouverenigings. Gedurende die tweede helfte van Augustus is die koerse op deposito's van twaalf maande en op opbetaalde aandele met 'n onbepaalde termyn vanaf 7 persent tot onderskeidelik $7\frac{1}{2}$ persent en $7\frac{3}{4}$ persent verhoog. Na 'n tydelike opskorting vanaf 13 Mei 1970, is die uitreiking van aandele met 'n vaste termyn weer ingestel met koerse van $8\frac{1}{2}$ en $8\frac{3}{4}$ persent onderskeidelik vir tydperke van sewe en tien jaar. Op 1 September is die verbandkoers op woonhuise vanaf $8\frac{1}{2}$ tot 9 persent verhoog. Die oorheersende koers op verbandlenings toegestaan deur versekeraars en pensioenfondse het gedurende 1970 onveranderd op $9\frac{1}{2}$ persent gebly, maar teen die einde van die jaar is 'n koers van 10 persent deur individuele instellings gehê.

Opbrengskoerse op gewone aandele het gedurende 1970 ook aansienlik toegeneem en aan die einde van die jaar het die gemiddelde opbrengskoers op nywerheids- en handelsaandele byvoorbeeld op 6.4 persent te staan gekom, teenoor 3.8 persent aan die einde van 1969. Daarna het dit egter tot 6.3 persent in Januarie 1971 gedaal. Vergeleke met die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte, het die omgekeerde rendementsgaping vanaf 2.7 persent aan die einde van 1969 tot 1.5 persent aan die einde van Januarie 1971 vernou.

Voortgesette daling in aandelepryse

Die verloop van aandelepryse gedurende 1970 het oor die algemeen 'n voortsetting van die afwaartse neiging wat in Mei 1969 begin het, verteenwoordig. Die pryse van goudmynaandele het egter nie hierdie neiging gevolg nie omdat pryse gunstig beïnvloed is deur die styging in die prys van goud op die privaat mark bo die amptelike prys en deur hernieude buitelandse aankope. Die daling in die pryse van ander klasse aandele was baie sterk gedurende die eerste helfte van 1970, maar 'n matige herstel het gedurende die derde kwartaal voorgekom. Dit is weer deur 'n aansienlike afname gedurende die laaste kwartaal gevolg, maar in Januarie het aandelepryse oor die algemeen effens bo die peile aan die einde van 1970 gestyg. In Januarie 1971 het aandelepryse vlakke

bereik wat vergelykbaar was met dié wat bestaan het voor die skerp en volgehoue styging wat op die devaluasie van sterling in November 1967 gevolg het. Die dalende verloop van aandelepryse het saamgeval met 'n lae peil van aktiwiteit op die Johannesburgse Effektebeurs, soos gemeet deur die aantal aandele verhandel.

As gevolg van die afname in aandelepryse het toestande ongunstig geword om kapitaal deur middel van die uitreiking van aandele op te neem. Nuwe uitgiftes van aandele het gevolglik gedaal vanaf R410 miljoen in 1969 tot slegs R54 miljoen in 1970, waarvan R28 miljoen deur een goudmynmaatskappy opgeneem is. Kapitaal wat deur middel van nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende maatskappyskuldbriewe opgeneem is, het egter vanaf R55 miljoen in 1969 tot R80 miljoen in 1970 toegeneem.

Volgehoue uitvloeiing van fondse vanaf effeketrusts

Regdeur 1970 het die effeketrusts 'n uitvloeiing van fondse vanweë die terugkoop van onderaandele ondervind en 'n totaal van R91 miljoen is vir die jaar aangeteken. Hierdie uitvloeiing het oor die algemeen 'n patroon gevolg wat met die algemene beweging van aandelepryse op die effektebeurs verband gehou het. So het die netto terugkope van onderaandele gedurende die eerste helfte van 1970 skerp toegeneem tot R66 miljoen, daarna gedurende die derde kwartaal tot R8 miljoen gedaal en toe gedurende die vierde kwartaal weer aanmerklik gestyg tot R17 miljoen. Gedurende Januarie 1971 het netto terugkope R4 miljoen bedra.

Die middele van die effeketrusts is verder verlaag deur 'n afname in die besit aan onderaandele deur die trusts se bestuursmaatskappye. Gevolglik het die trusts hul besit aan kontant en deposito's gedurende die jaar onder beskouing met R40 miljoen verminder en hulle was ook netto verkopers van aandele en effekte tot 'n bedrag van R86 miljoen, waarvan R26 miljoen verkope van staatseffekte en R23 miljoen verkope van ander „goedgekeurde effekte" verteenwoordig het. Benewens hierdie daling in die trusts se beleggings, het die markwaarde van hul portefeuljes ook afgeneem vanweë die dalende aandelepryse en die toename in rentekoerse op vaste-rentedraende effekte. In totaal was die gevolg van hierdie ontwikkelings dat die markwaarde van die trusts se netto bates vanaf R691 miljoen aan die einde van 1969 tot R358 miljoen aan die einde van 1970 verminder het. Gedurende Januarie 1971 het dit verder gedaal tot R343 miljoen, wat slegs 50 persent van die netto batewaarde aan die einde van 1969 was.

As 'n weerspieëling van die afname in die markwaarde van die effeketrusts se netto bates, het die indeks van verkooppriese van onderaandele gedurende 1970 met 39 persent gedaal. Die gemiddelde opbrengskoers op onderaandele het vanaf 2.0 persent in Desember 1969 tot 3.9 persent in Desember 1970 en 4.1 persent in Januarie 1971 toegeneem.

Nuwe rekord in die toevloeiing van fondse na bouverenigings

Bouverenigings het gedurende 1970 'n rekord jaar ondervind. Die toevloeiing van fondse, soos weerspieël in die toenames in aandele en deposito's, het nie minder nie as R451 miljoen bedra, vergeleke met die vorige hoogste toevloeiing van R296 miljoen wat gedurende 1969 behaal is. Hierdie toevloeiing verteenwoordig 'n groei van 14 persent in hul totale fondse gedurende 1969 en 19 persent gedurende 1970. Die grootste toevloeiing van fondse is gedurende die derde kwartaal ondervind nadat hul teenkoerse verhoog is. Soos gedurende vorige jare was die toevloeiing van fondse gedurende Januarie kleiner as gedurende die ander maande en het dit slegs R15 miljoen bedra.

Vaste deposito's het gedurende 1970 met R135 miljoen toegeneem, spaardeposito's met R89 miljoen en aandele met R227 miljoen. Die laasgenoemde vermeerdering het bestaan uit toenames van R110 miljoen in belastingvrye aandele, R72 miljoen in subskripsie-aandele (wat ook belastingvry is) en R85 miljoen in opbetaalde aandele met 'n vaste termyn, en 'n afname van R40 miljoen in aandele met 'n onbepaalde termyn wat nie aan die belastingtoegewings onderhewig is nie. Hierdie syfers toon dus dat belastingtoegewings ten opsigte van sekere aandele wesenlik daartoe bygedra het om bouverenigings te help om nuwe fondse te trek. Nuwe verbandlenings deur die bouverenigings toegestaan, het gedurende 1970 ook aansienlik toegeneem en het R740 miljoen bedra, vergeleke met R588 miljoen gedurende 1969. Van die nuwe lenings toegestaan gedurende 1970 was R418 miljoen ten opsigte van verbande op bestaande geboue, R240 miljoen op nuwe geboue, en R28 miljoen op onbeboude grond, terwyl hervoorskotte op bestaande verbande R54 miljoen bedra het. Die werklike bedrag van verbanden ander lenings uitstaande het met R375 miljoen (of met 18 persent) gedurende 1970 toegeneem vergeleke met R227 miljoen (of met 12 persent) gedurende 1969. Uitstaande lenings het met 'n verdere bedrag van R25 miljoen gedurende Januarie 1971 toegeneem.

Aangesien die toename in die verenigings se fondse gedurende 1970 en Januarie 1971 groter as die toename in hul uitstaande lenings was, kon hulle hul voorgeskrewe beleggings met R66 miljoen vermeerder. Laasgenoemde het aan die einde van Januarie 1971 R468 miljoen bedra waarby ongeveer R115 miljoen se verhandelbare depositosertifikate ingesluit was. Aangesien hierdie depositosertifikate verhandelbaar is en terselfdertyd 'n relatiewe hoë rentekoers bied, word hierdie belegging klaarblyklik deur die verenigings gebruik om aan hulle aanspreeklikheid ingevolge lenings toegestaan maar nog nie uitbetaal nie, te voldoen. Hulle verpligtings in hierdie verband het gedurende die dertien maande tot Januarie 1971 met R24 miljoen toegeneem en het op daardie tydstip R218 miljoen bedra.

Bouverenigings

